

28 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:1-13

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:5

HK, Vraag 87

Christus se voorbeeld

Woorde wek, maar voorbeelde trek.

Christus het met woord en daad vir ons 'n voorbeeld gestel om na te volg. Hy het vir ons gewys wat goeie werke is, naamlik om in liefde tot God en ons naaste te leef.

As gelowiges moet ons sy voorbeeld van goeie werke uitleef. Die Skrif leer dat diegene wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie, nie salig kan word nie.

Dit betaam gelowiges nie/dit pas nie by gelowiges om ontugtig, onsedelik of gierig te wees nie. Daar moet selfs nie sprake daarvan wees nie, want as jy dit beoefen het jy geen deel aan die koninkryk van Christus nie. Ondankbaarheid is ongehoorsaamheid aan God en lei nie tot die ewige lewe nie.

Wat pas dan by ons? Dank aan God. Dit is om in die lig te leef en altyd te vra of iets vir die Here aanneemlik is. Die geloof, wat uit dankbaarheid Christus se voorbeeld navolg, verseker die ewige lewe.

In U lig sien ons die lig.

Ds. W Vogel (Cachet)

~~~~~